



NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
AANVULLINGSEKSAMEN – MAART 2018

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:
Afdeling A – Letterkunde (60 punte)
Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (40 punte)
 3. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
 4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
 5. Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
 6. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
-

AFDELING A LETTERKUNDE



INSTRUKSIES VIR AFDELING A


1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy.

BEPLANNING (Vir paragrawe en langer skryfstukke)

1. Dit is 'n goeie idee om 'n **opstel, paragraaf of langer skryfstukke** te beplan voordat jy dit neerskryf.
 - (a) Skryf die opskrif: BEPLANNING boaan.
 - (b) *Jou beplanning in hierdie afdeling word **nié bepunt nie** – dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer.*
2. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag.
3. Skryf die getal woorde aan die einde van elke langer vraag neer.

VOORBEELD:

<p>BEPLANNING</p> <p>(linkerkantse bladsy)</p>  <p>(Moenie te veel tyd aan die beplanning bestee nie.)</p>	<p>VRAAG 5</p> <p>(regterkantse bladsy)</p>  <p>(Bv. 205 woorde)</p>
--	--



HOOPVOL – Derick van der Walt

Daar is vier vrae oor *HOOPVOL*. Beantwoord al vier hierdie vrae.

VRAAG 1

Lees die onderstaande uittreksel en voer dan die opdrag uit.

TEMA

Ben se soektog na sy pa

[Bron: Tafelberg Uitgewers 2012]

Ben skrik verward wakker toe die trein skielik ruk en die vrou op die sitplek oorkant die paadjie vooroor val. Die sak op haar skoot kantel en appels rol met die paadjie af. Vir 'n oomblik weet hy nie waar hy is nie. Hy kyk verdwaas na die rollende appels voordat hy opspring om dit bymekaar te maak.

Die vrou glimlag dankbaar toe hy dit weer in die sak op haar skoot sit.

Liggies van huise en geboue flits buite die treinvenster verby. Hy probeer om nie aan die vlamme te dink nie, maar hy kan dit nie help nie. Sy tande begin onbedaarlik op mekaar klap. Hy druk die groen handsak teen sy bors vas.

Die brandweermanne dra twee hopies, met grys komberse toegegooi, op draagbare by die huis uit. Oom Carlos van oorkant wat sy arm onhandig om sy skouers slaan. "Awful, awful, Ben."

[Bl. 16]

Opdrag:

Beantwoord die volgende vrae puntsgewys:

- 1.1 *"Hy probeer om nie aan die vlamme te dink nie ..."* (Reëls 6 en 7). Waarom het Ben so skuldig gevoel toe hy aan die brand gedink het? (1)
- 1.2 Ben het sy pa by die mark in Pretoria gaan soek. Hoekom het hy gedink dat sy pa nog geleef het? Verduidelik. (2)
- 1.3 Ben was onsuksesvol in sy soeke na sy pa in Pretoria. Waar was die volgende plek waar hy sy pa gaan soek het? (1)
- 1.4 Uiteindelik arriveer Ben in Hoopvol. Wie het Ben eerste by die Rose and Crown as Bobby se kind herken? (1)
- 1.5 Noem vier redes waarom Ben se soektog na sy pa so moeilik was. (4)

Dan sien hy die klip eenkant, regs in die hoek van die begraafplaas. Hy stap stadig nader. Dis net 'n groot klip. Groot en bruin so half rond. Hy weet sommer: dis sy pa se plek.

"Pa, ek is nou Ben. Ek is jou kind van wie jy nie geweet het nie. Ek weet jy ken my nie eintlik nie, maar ek het blerrie ver gekom om jou te kry."

[Bl. 219]

1.6 Wie het Ben vertel wat met sy pa gebeur het? (1)

1.7 Wat het die persoon hom oor sy pa se dood vertel? Noem twee feite. (2)

1.8 Ben het leidrade/informasie gekry wat hom help om sy pa te vind. Teken die volgende tabel in jou antwoordskrif oor en sê hoe hy die informasie gekry het wat hom na die plek in die eerste kolom gelei het.

PLEK	LEIDRAAD
Bloemfontein	
Hoopvol	

(2)

1.9 Hoe dink jy het Ben gevoel toe hy uiteindelik uitgevind het wat met sy pa gebeur het? Motiveer jou antwoord. (1)

[15]

VRAAG 2

- 2.1 Bobby moes verskeie uitdagings in sy lewe oorkom. Een van sy grootste uitdagings was sy dwelmverslawing.

Gebruik die diagram en skryf 'n paragraaf van tussen 80 en 120 woorde oor:

Bobby se dwelmverslawing

- 1** Beskryf kortliks watter tipe kind Bobby was voordat hy dwelms begin gebruik het. (2)
- 2** Wie het Bobby beïnvloed om dwelms te begin gebruik? (1)
- 3** Hoe het Bobby se ouers agtergekom dat hy dwelms gebruik? Gee twee voorbeelde. (2)
- 4** Noem drie maniere waarop Bobby se ouers hom met sy dwelmprobleem probeer help het. (3)
- 5** Watter negatiewe effek het Bobby se dwelmprobleem op sy ouers en sy verhouding met sy ouers gehad? (2)

- 2.2 Waarom wou Bobby na sy ontslag uit Noupoot nie na Bloemfontein toe teruggegaan het nie? (2)

- 2.3 Noem drie voorbeelde hoe Bobby se dwelmgeskiedenis na sy rehabilitasie sy lewe steeds negatief beïnvloed het. (3)
- [15]**

VRAAG 3

**Beantwoord hierdie vraag in jou antwoordskrif. Skryf slegs die vraag-
nommer en Helena se woorde neer.**

Situasie:

Helena het ook 'n groot tragedie in haar lewe ervaar. Sy en Ben sit en gesels oor
wat met haar broer gebeur het en die effek wat dit op haar en haar gesin gehad
het.

Opdrag:

Voltooi die gesprek tussen Ben en Helena. Skryf slegs Helena se woorde neer.
Laat asseblief 'n reël oop tussen elke antwoord.

- 3.1 Ben: Wat was jou broer se naam?
Helena: _____ (1)
- 3.2 Ben: Hoe het jy en jou broer oor julle toekoms op die plaas van
mekaar verskil?
Helena: _____ (1)
- 3.3 Ben: Wat het jou broer graag in sy vrye tyd gedoen? Noem twee
dinge.
Helena: _____ (2)
- 3.4 Ben: Wat het jou broer se dood veroorsaak?
Helena: _____ (1)
- 3.5 Ben: Hoekom het jou pa so skuldig oor jou broer se ongeluk
gevoel?
Helena: _____ (1)
- 3.6 Ben: Hoe het jou pa verander na jou broer se dood?
Helena: _____ (1)
- 3.7 Ben: Wie het julle van sy dood vertel?
Helena: _____ (1)
- 3.8 Ben: Hoekom was jy so geïrriteerd oor my teenwoordigheid op die
plaas?
Helena: _____ (2)

[10]


VRAAG 4

Sommige van die karakters se soeke na liefde is óf teleurstellend óf baie moeilik om te verwesenlik.

Opdrag:

Skryf 'n opstel van 250–350 woorde waarin jy die liefdesverhoudings van die onderstaande karakters in die verhaal bespreek.

- Gebruik die ideekaart hieronder.
- Volg die pyltjies om jou antwoord te formuleer.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Jou opstel moet 'n inleiding en slot (slotsom) hê.
- **Onthou om die woordtelling aan die einde neer te skryf. Bv. 295 woorde**



Assessering: 4 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

(4)
[20]

60 punte

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.
2. Elke vraag moet op 'n nuwe bladsy gedoen word.
3. Beplan jou antwoorde voordat jy jou finale antwoord neerskryf.
4. Skryf die getal woorde aan die einde van elke vraag.

LET WEL:

Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

- kennis van die vereistes van die spesifieke skryftaak
- interpretasie van die opdrag
- inhoud en idees
- register en toon
- taalgebruik
- beplanning

VRAAG 5 TOESPRAAK

Situasie:

As jongmens in Suid-Afrika kan jy 'n groot invloed uitoefen op die toekoms van die land. Jy word die geleentheid gegee om met verteenwoordigers van 'n wye verskeidenheid politieke partye te praat en jou idees en opinies met hulle te deel.

In jou toespraak gee jy inligting oor:

- Hoe jy en ander jongmense oor die huidige omstandighede in die land voel.
- Drie probleme wat jy geïdentifiseer het wat aangespreek moet word.
- Strategieë om die probleme aan te spreek.
- Waarom dit belangrik is om na die idees van jongmense te luister.
- Die potensiaal wat jy in die land en sy mense sien.

Opdrag:

Skryf die toespraak neer.

Die inhoud van die toespraak moet tussen 150 en 250 woorde lank wees.

Onthou:

- Die formaat en konvensies van 'n toespraak.
- Skryf die getal woorde neer (bv. 198 woorde).
- Beplan jou skryfstuk voordat jy dit neerskryf.

[30]

VRAAG 6 E-POS

Situasie: Jy het 'n e-pos van 'n vriend/vriendin ontvang. Hy/sy is tans in 'n ander skool en oorweeg dit om na jou skool toe te skuif. Hy/sy is nog nie seker nie en wil graag by jou advies en leiding kry.

Hy/sy wil graag meer inligting oor die volgende hê:

- Die akademiese standaarde by jou skool.
- Die sportprogram by jou skool.
- Die kulturele aktiwiteite wat aangebied word.
- Hoe jy oor die algemeen oor jou skool voel.

Opdrag:

Skryf die inhoud (60–120 woorde) van die e-pos aan jou vriend/vriendin om sy/haar vrae te beantwoord.

Jy kan die volgende struktuur gebruik.

Aan:	myvriend/in@aenonline.co.za
Van:	
Onderwerp:	
Boodskap:	

Die inhoud van jou skryfstuk moet tussen 60–120 woorde lank wees.

- *Beplan jou skryfstuk voordat jy dit neerskryf.*
- *Skryf die woordtelling aan die einde van die skryfstuk neer.*

[10]

40 punte

Totaal: 100 punte